

# Lekkerbekkie Nuusbrief

6 APRIL 2015 | UITGAWE 94



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Piet Plaasmuis se kar
- \* Produk van die week:  
Daar's 'n alien in die bokspap!
- \* Inkleurprentjie: Piet Plaasmuis se kar

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Piet Plaasmuis se kar deur Corlie Putter

Piet Plaasmuis wou nog altyd 'n vinnige kar hê. Al die ander diere het gesê dis nie 'n goeie idee nie, want plaasmuis en karre hoort nie saam nie. Maar Piet Plaasmuis wou van niks weet nie, en toe koop hy vir hom 'n kar met 'n piepklein stuurwiel en piepklein deurtjies! En dit is presies waar die probleme begin...

"Kom ry saam!" roep Piet Plaasmuis vir Donkie, sy vriend, maar die Donkie skud net sy kop. Hy wil niks met die kar te doen hê nie. "Plaasmuis en karre hoort nie saam nie, Piet Plaasmuis!" sug hy.

Piet Plaasmuis luister nie. Hy sit sy handjies op die kar se stuurwiel en roep: "Hie-ha!" Maar die karretjie beweeg nie... Donkie snork soos hy lag! "Dis nie 'n perd nie, Piet Plaasmuis!" sê hy. "Jy moet die sleuteltjie draai!"

Piet Plaasmuis draai die kar se klein sleuteltjie en ja, sowaar! Die karretjie se enjin begin dreun! Hy trap die petrol, en die karretjie wip vinnig vorentoe. Maar dis TE vinnig! Hy peil reg op die hoenders af, hulle skrik só dat jy net vere sien waai! Dit is toe dat Donkie besluit dis dalk maar beter om agter Piet Plaasmuis aan te stap en 'n ogie oor hom te hou en te sien wat gebeur...

Piet Plaasmuis ry nou lekker, maar hy weet nie hoe om die kar te laat stop nie. Nou ry hy maar al die pad tot in die stad. Voor is 'n rooi lig, maar Piet Plaasmuis weet niks van verkeersligte af nie. Hy ry verby die rooi lig sonder om te stop! Al die ander karre is woedend! Hulle toet en raas vir Piet Plaasmuis! "Plaasmuis en karre hoort nie saam nie!" raas hulle.

Skielik begin Piet Plaasmuis se kar al stadiger ry... Die petrol is op, en daar gaan staan die kar in die middel van die pad! Piet Plaasmuis verstaan glad nie wat aangaan nie. Hy krap sy koppie. Dan vryf hy oor sy magie. Hy voel skielik baie dors van die ver ry. Miskien is die kar ook dors, dink hy.

Oorkant die pad is 'n groot dam met blou water. Piet Plaasmuis stoot sy kar tot op die rantjie van die dam en stoot dit dan met 'n harde stoot in die water! Maar die kar drink nie die water nie! Dit sink tot op die bodem van die dam, en bly net daar lê.

Arme Piet Plaasmuis is nou hartseer. Hoe gaan hy nou by die huis kom? Hy weet nie eens waar hy is nie! Hy staan nog so en wonder, toe kom Donkie daar aangestap. "Kom ek vat jou huis toe, Piet Plaasmuis," glimlag Donkie.

Piet Plaasmuis sug verlig. Hy dink inelkgeval nie plaasmuis en karre hoort regtig by mekaar nie. Plaasmuis en donkies, ja, HULLE pas beter. Vinnig hop hy op die donkie se rug, en raak amper dadelik vas aan die slaap. Foeitog, hy is so moeg! Gelukkig ken Donkie die pad huis toe.

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Produk van die week

## Daar's 'n **alien** in die bokspap!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**Na die sukses van ons onlangse ruimte-CD (Tim en Tim-Tobie se ruimte-avontuur) wat ook in Engels verskyn het, stel ons hierdie week weer 'n CD met 4 lekkerluisterstories in Afrikaanse EN ENGELS vry! Moenie die snaakse "Daar's 'n alien in die bokspap" misloop nie. Die Afrikaanse sowel as Engelse CD word deur Anrich Herbst voorgelees en is geskik vir 3-9 jariges. Kry jou Alien-CD (Afrikaans óf Engels) vóór 6 April @ slegs R85 (spaar R10!) by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area.**

**Daar's 'n alien in die bokspap**

voorgelees deur Anrich Herbst!

ALSO AVAILABLE in English!

ANNA EMM KINDERSTORIES  
**Daar's 'n ALIEN in die bokspap!**  
Vier lekkerluister stories deur Anna Emm  
Voorgelees deur Anrich Herbst

"Hier staan daar's 'n speelgoed-alien in die bokspap!" roep Gertie opgewonde, en wys na die Rice Crispsies boks.

"Jy bedoel 'n ruimtewese," sê sy mamma. "Alien is Engels."

Maar toe Gertie die Rice Crispsies in sy bakkie gooi, val daar 'n regte, egte, groenerige ALIEN uit! En nou moet hy die mannetjie help om weer terug by sy ruimte-familie te kom...

Spesiale aanbod:  
Koop jou "Alien" storie-CD @ slegs R85!  
Normale prys R95  
spaar R10!  
Aanbod sluit 6 April 2015

**annaemm**  
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area!  
Aanbod sluit 6 April 2015.

### **Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Piet Plaasmuis se kar illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)